kruiskerk.co.za
info@kruiskerk.co.za
wynandnel@iafrica.com

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Woorddiens

Tema: "Lewende by die Dooies?"

Skriflesing: Lukas 24:1-12 (1953)

[1] EN baie vroeg in die môre, op die eerste dag van die week,
het hulle en ander saam met hulle by die graf gekom en die
speserye gebring wat deur hulle toeberei was.
[2] En hulle het die steen van die graf afgerol gevind.
[3] En toe hulle ingaan, het hulle nie die liggaam van die Here
Jesus gekry nie.
[4] En terwyl hulle hieroor in verleentheid was, staan daar twee
manne by hulle in blink klere.
[5] En toe hulle baie bevrees word en met hulle aangesigte na
die aarde buig, sê die manne vir hulle: Waarom soek julle die
Lewende by die dooies?
[6] Hy is nie hier nie, maar Hy het opgestaan. Onthou hoe Hy
vir julle gesê het toe Hy nog in Galiléa was:
[7] Die Seun van die mens moet oorgelewer word in die hande
van sondige mense en gekruisig word en op die derde dag
opstaan.
[8] En hulle het sy woorde onthou.
[9] Hulle gaan toe terug van die graf en vertel dit alles aan die
elf en aan al die ander.
[10] En dit was Maria Magdaléna en Johanna en Maria, die
moeder van Jakobus, en die ander vroue saam met hulle wat
dit aan die apostels vertel het.
[11] En hul woorde het vir hulle na onsinnige praatjies gelyk,
en hulle het hul nie geglo nie.
[12] Maar Petrus het opgestaan en na die graf gehardloop; en
toe hy neerbuk, sien hy die doeke alleen lê. En hy het
weggegaan huis toe, vol verwondering oor wat gebeur het.

◆◆◆

Lied 409

Hoor jy die Paasfeesklokke?
Hul lui van vroegdag af;
hul jubel oor die wêreld:
Die Heer is uit die graf!
Hy, Christus, die oorwinnaar,
is uit die donker uit!
Die Heer, die sleuteldraer,
sal ook my graf ontsluit.

Broodjies vir die pad

Our hope in life beyond death is a hope made possible, not by some general sentimental belief in life after death, but by our participation in the life of Christ.
- Stanley Hauerwas

Read more at: http://www.azquotes.com/author/17967-Stanley_Hauerwas

The most creative social strategy we have to offer is the church. Here we show the world a manner of life the world can never achieve through social coercion or governmental action. We serve the world by showing it something that it is not, namely, a place where God is forming a family out of strangers.
- Stanley Hauerwas

Read more at: http://www.azquotes.com/author/17967-Stanley_Hauerwas

"Hope, on one hand, is an absurdity too embarrassing to speak about, for it flies in the face of all those claims we have been told are facts. Hope is the refusal to accept the reading of reality which is the majority opinion; and one does that only at great political and existential risk. On the other hand, hope is subversive, for it limits the grandiose pretension of the present, daring to announce that the present to which we have all made commitments is now called into question."
- Walter Brueggemann, The Prophetic Imagination

We pray because our life comes from God and we yield it back in prayer. Prayer is a great antidote to the illusion that we are self-made.
- Walter Brueggemann

Read more at: http://www.azquotes.com/author/32764-Walter_Brueggemann

◆◆◆

On Generosity

On our own, we conclude:
there is not enough to go around

we are going to run short
of money
of love
of grades
of publications
of sex
of beer
of members
of years
of life

we should seize the day
seize our goods
seize our neighbours goods
because there is not enough to go around

and in the midst of our perceived deficit
you come
you come giving bread in the wilderness
you come giving children at the 11th hour
you come giving homes to exiles
you come giving futures to the shut down
you come giving easter joy to the dead
you come – fleshed in Jesus.

and we watch while
the blind receive their sight
the lame walk
the lepers are cleansed
the deaf hear
the dead are raised
the poor dance and sing

we watch
and we take food we did not grow and
life we did not invent and
future that is gift and gift and gift and
families and neighbours who sustain us
when we did not deserve it.

It dawns on us – late rather than soon-
that you "give food in due season
you open your hand
and satisfy the desire of every living thing."

By your giving, break our cycles of imagined scarcity
override our presumed deficits
quiet our anxieties of lack
transform our perceptual field to see
the abundance……mercy upon mercy
blessing upon blessing.

Sink your generosity deep into our lives
that your muchness may expose our false lack
that endlessly receiving we may endlessly give
so that the world may be made Easter new,
without greedy lack, but only wonder,
without coercive need but only love,
without destructive greed but only praise
without aggression and invasiveness….
all things Easter new…..
all around us, toward us and
by us

all things Easter new.

Finish your creation, in wonder, love and praise. Amen.

— Walter Brueggemann

Brood vir die pad

Wanneer die hele lewe droef voel

Iets soos 'n verslete handskoen, 'n stowwerige boek, 'n dowwe handskrif in 'n ou brief, kan soms jou sintuie oorweldig en jou tot trane beweeg, skryf Wilhelm Jordaan.

Soms gebeur dit dat jy op 'n oggend wakker word en weet iets is nie reg nie. Jy voel bedruk, terneergedruk, ongelukkig, selfs 'n bietjie droef. En jy weet nie hoekom nie.

Die maklike verklaring is: "Ek is nie myself vanoggend nie." Moontlik 'n vergete droombeeld wat 'n "merk" gelaat het? Wat ook al die rede, jy weet mense moet vandag uit jou pad bly! Boonop reken jy dalk jou lewe is sonder betekenis.

Hoe kry mens dan 'n vrolike(r) hart terug, die glimlag op jou gesig?

Die Franse skrywer Marcel Proust (1871-1922), bekend om sy werk Op soek na die verlore tyd, skryf oor 'n ontevrede en ongelukkige jong man wat iets kortkom: om gevoeliger te leef, anders te kyk, nuut te sien.

Die jong man sit in sy ouerhuis, mismoedig en verveeld met die sekerheid dat môre ook so sal wees en ook die dag daarna. Sy ma vra hom of hy 'n bietjie tee wil hê. Hy sê eers nors "nee" en toe "ja". Sy bedien die tee saam met 'n madeleine, die skulpvormige sponskoekie. En toe die mirakel:

"Toe die warm vloeistof, gemeng met die krummels my verhemelte aanraak, gaan daar 'n siddering deur my. 'n Oorstelpende genieting spoel deur my sintuie. En opeens gaan die lewe se wisselvalligheid my nie meer aan nie, en al die terugslae lyk skadeloos. Nou voel ek nie meer middelmatig nie; ek is nie 'n blote sterflike toevalligheid nie."

Oënskynlik onbeduidend, maar à la Proust het dié ervaring die jong man met "sensuele onmiddellikheid" teruggeneem na die heerlike "madeleine-geluk" van sy kinderjare; met die insig dat sulke herinneringe die weefstof is van die bevestiging dat die lewe mooi is.

Sheila Cussons se gedig "Flits uit 'n braaipan" beaam dié soort mirakel. Vet spat uit die pan en maak seer. Daaruit kom haar flitsende, brandende gedagtegang oor die mens se hart; die "kamma-ongeërgdheid, ingewikkeld, huigelend, dapper, gedrogtelik". En tog bevat dit, "manjifiek", iets van God se hart.

Proust reken ons glo nie meer dat die lewe mooi is nie, omdat ons nie kan onthou dat dit so is nie. Die probleem is dat ons staat maak op die verstand om die verlede daarvoor te fynkam. Al wat ons so kry, is 'n "onnoukeurige kopie"; 'n uitgedinkte vervalsing.

Wat noukeurig en bevrydend is, is die verrukking van 'n oomblik wanneer geure en smake van lank gelede en ander klein indrukke soos 'n verslete handskoen, 'n stowwerige boek, 'n telegram van gelukwensing, 'n dowwe handskrif in 'n ou brief, opeens jou sintuie oorweldig en jou tot trane beweeg.

Sulke trane en die sintuiglike salwing is die voedingsaar van "gevoeliger leef, anders kyk en nuut sien".

In dié eenvoud van jou eiesoortige klein "madeleines" lê terapie vir die dae as jou lewe sonder glans is – wanneer jy befoeterd opstaan; met die verkeerde voet uit die bed klim.

http://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/wilhelm-jordaan-onthou-die-mooi-in-lewe-se-eenvoud-20160323

◆◆◆

Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.
Ubi caritas, et amor
ubi caritas, Deus ibi est.

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877